View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

*Hertzog Venter*

# HET TOTIUS VANDAG NOG IETS TE Sê?

Die bo gestelde vraag kom hierop neer: Geld dit wat die Nederlandse digter Adriaan Roland Holst in 1947 gesê het, naamlik dat Totius die volksgewete van die Afrikaner is, ook nog vir die Afrikaner van vandag?

Dit is dieselfde vraag, in ander vorm, as wat keer op keer aan my gestel is deur mense wat in sy *Versamelde werke* belangstel: Is Totius gedateer? — dit wil sê: Geld sy uitsprake net vir sy eie tyd?

My antwoord op die eerste vraag bly ondubbelsinnig: Ja, met die kwalifikasie daarby dat hy vir die Calvinis ewige waarhede verkondig het, en die nie-Calvinis, die ongelowige selfs, sal ten minste tot nadenke gebring word. Daarom is die antwoord op die tweede vraag 'n ondubbelsinnige: NEE. „Gedateer" is hy nie.

Hoewel ek dit hier nie oor die digter Totius het nie, neem ek tog as uitgangspunt twee strofes uit sy vroeë digbundels, naamlik *By die Monument* en *Trekkerswee*, waarin die grondtema van sy deurlopende en blywende troos- en opwekkingswoorde vir sy volk digterlik verwoord is:

Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
die salf van eie gom („Vergewe en vergeet") —

waarin hy die klem laat val dáárop dat die genesing van binne, uit die gesonde kern moet kom, en:

Maar eens herleef die nasie weer,
waarvan ek sterwend profeteer;
eens word die grysblou heuwels klein
as God alleen weer groot verskyn —

waarin die verhouding van die Afrikanervolk tot God gestel word.

Ek sal verder nie na sy gedigte verwys nie en self ook nie baie skryf nie maar hom self aan die woord stel met enkele uitsprake tussen tien- en selfs honderdtalle waaruit blyk dat hy nog steeds nie net iets nie maar veel te sê het, dat hy dit op verskillende terreine te sê het en dat hy oor die vermoë beskik het om dit wat hy te sê het, op 'n buitengewone wyse te verwoord.

Vyftig jaar lank, van sy proefskrif, *Het Methodisme* (1903), af tot met sy rede voor die Sinode in 1952, „Transformasie soos deur vuur", het hy soos 'n brandwag die horisonne verken en teen gevare gewaarsku – 'n brandwaggestalte waarvan hy so 'n treffende beeld teken in sy sinodale openingswoord in 1916 oor Jesaja 21:11, 12: „Wagter, hoe ver is dit in die nag?" Vyftig jaar lank het hy die sinryke boodskap wat in die twee bostaande aanhalings uit sy gedigte vervat is, met heldere klank en in verskillende nuanseringe aan sy volk verkondig.

Sy karakterisering van die Metodisme in 1903 bly vandag nog geldig. Lees maar net hoe kernagtig en onweerlegbaar juis hy hierdie godsdienstige stroming karakteriseer:

> **Dit is 'n fundamentele dwaling van die Engelse en kontinentale Réveil dat hulle al twee die mens isoleer van sy historiese en organiese kontinuïteit, van sy voorafgaande progressie sowel in die tydelike as in die geestelike. Die Metodis oorsien die katastrofe van die sonde, wanhoop aan alle eenheid en bepaal hom verder slegs daartoe om *vondelinge* in plaas van *bondelinge*, *eenlinge* in plaas van die *eenheid*, die *menigte* in plaas van die *gemeente* te soek. Hierin hou hy hom stip aan sy asketiese, akosmiese prinsipe, wat genade wil uitdeel aan die *indiwidu* en as sodanig vlak teenoor die Verbondsgedagte staan (6:199-200).***

En tog bring hierdie jong, 26-jarige student, wat die kerndwaling van die Metodisme so duidelik tipeer en hom lynreg teen die *revival*-gedagte en -praktyk kant, vir die Calvinis van sy tyd én van

*** Die syfers van die verwysing is deurgaans: vóór die dubbelpunt die deelnommer van die nuwe *Versamelde werke* en ná die dubbelpunt die bladsy(e) daarvan.**

vandag 'n baie behartigenswaardige boodskap. Die aandrang van Calvyn op *kennis* kan en het by sy volgelinge dikwels in verstandelikheid/verstandsgodsdiens ontaard. Maar kyk wat sê die jong dr. Du Toit:

> Intussen kan 'n mens in Gereformeerde kringe nooit genoeg op jou hoede wees dat die silwerkoord wat hart en hoof, geloof en wete, ervaring en kennis, mistiek en skolastiek saambind, nie verbreek word nie.
> Die ware skolastiek mag van die heilige mistiek (beide die suiwerste in die Gereformeerde religie begryp) nie losgemaak word nie. Waar dit gebeur, steek die *Intellektualisme* baie spoedig sy gevaarlike kop op (6:179).

Dit is 'n duidelike boodskap ook vir die Calvinis van vandag — nie net vir die predikant in sy preke en die omgang met sy lidmate nie maar ook vir die lidmate onderling: godsdiens moet ook met die hart beoefen word.

En hoe *lewe* hierdie mistiek nie in sy laaste woorde aan die sinode van die Gereformeerde Kerk, naamlik dié van 1952, nie. Kyk net na die volgende snit uit „Transformasie soos deur vuur" en vra u af of dit nie verhewe mistiek is nie en of dit nie nog 'n boodskap vir die gelowige van vandag is nie:

> Hier is verlossing uit ons spanning: Wie Psalmsing, gryp na die hoogste, want God is sy sangersdoel. Psalmsing is die hemelvaart van die siel, dit is die hand wat uitgesteek word na die verborge skat van Gods kinders, dit is godsdiens, lewe in hoogste spanning, dit is die brug na die oneindigheid, dit is die durfdaad van die geloof, die arm wat uitgestrek bly bo die stormwaters van die lewe. Maar hierin kulmineer alles. Psalmsing is die aansteek van die wierook waarin ons teëgeur die lieflike reuk van die môre van die ewigheid (2:174-5).

Maar dit dra alleen vir ons 'n boodskap as ons die Psalms nie gedagteloos en gevoelloos sing nie maar dit doen volgens wat aan bostaande voorafgaan:

> Het u al ooit geprobeer om die hele inhoud van die Psalmboek voor u gees te laat verbygaan, die boek met sy hemelhoogtes wat met sy hallelujas reik tot in die hoogste hemele, die boek met sy skriklike dieptes waar die afgrond roep tot die afgrond, die boek met sy vertes, sy oneindige wydtes, sy omspanning van die ganse Bybelinhoud van Genesis tot Openbaring, maar nou die inhoud as Goddelike kunsstuk gesien? (2:174 ).

En die Psalms is maar een van die „pakkette" wat Van Riebeeck aan boord van sy skip gehad het.

Hierdie gevoel vir die misitiek breek ook deur as hy oor Calvyn se beginsels skryf. Hierin stel hy Calvyn se grondbeginsel: „die handhawing van die eer van God", voorop, en in Calvyn se brief aan Sadolet onderstreep hy die woorde: „Ons is in die eerste plek vir God gebore en nie vir onsself nie" (6:5). En teen hierdie agtergrond geld sy oproep uit 1909 nóg vir ons vandág:

> Leser, hoe is *u* lewe? U kerkbesoek, ú nagmaalsgang, ú smeekgebed, ú Skrifondersoek – dien dit om uself, ú stigting, ú gerusstelling, ú heil te soek? Nouwel, dan is hierdie goeie werke van u tevergeefs en by God niks werd nie, want alles moet tot sy eer geskied (Spr. 16:4; Rom. 11:36; 1 Kor. 10:31) (6:5).

Oor hierdie Calvinisme laat hy ook vir ons van vandag 'n klinkklare boodskap hoor in „Enkele grondbeginsels van die Calvinisme" (1935; 6:17-29), waarin ons 'n naklank opvang van „Ons roeping en toekoms" (1909; 2:3-63).

In eersgenoemde stuk spreek hy die „jongmanne en -vroue" toe en konfronteer hulle met hierdie woorde, wat ook vir ons vandag nog geld:

> As Calviniste het julle 'n *roeping*. Let op hierdie laaste woord. Die volgelinge van Calvyn spreek by voorkeur van hulle „roeping". Mense wat die „vrye wil" drywe, spreek liefs nie van 'n „roeping" nie. Die woord het vir hulle iets onvrys, iets gebondens (6:17).

Daarteenoor „spreek die mens van ons eeu by voorkeur van ooreenkoms, wilskeuse, afspraak of wenslikheid" (en in die jongste tyd graag van *uitdaging* – H.V.). Maar:

> Die woord *roeping* het vir ons 'n heilige klank en heiligende krag. Omdat dit onderstel stipte gehoorsaamheid aan die stem *van die Here* (1 Sam. 15: 22) (6:17).

En daarom hierdie boodskap:

> Calviniste, elkeen van julle staan in diens van God, elkeen om in sy eie omgewing en werk aan God trou te bewys. Maar saam het julle die opdrag om die beginsels wat ons in die woord *Calvinisme* saamvat, te verhef tot 'n mag in die land.

> En al is dit dat julle twintig jaar lank of langer op rotse moet ploeg, sodat vir die oog van die mens daar geen vrug opskiet niet — ewenwel bly die taak aan julle opgedra (6.18).

As ons hierdie sprake reg beluister, as ons *roeping* weer reg verstaan, as die woord weer vir ons „die skerp klank van krygsmusiek" kry, sal baie van die probleme op *alle* vlakke van die arbeidsfront verdwyn: 'n vergeefse aandrang op verhoogde produktiwiteit wat gekanselleer word deur 'n aandrang op 'n werkweek van 40 uur; werk net om verhoging, bevordering, rykdom, weelde: alles behoort in die teken te staan van daardie opvorderende, kommanderende woord: ROEPING.

Hierdie waarheid word in „Bybel en boerdery" (1:385) onomwonde gestel:

> Ons tweede gevolgtrekking is dat „die amp" wat almal moet vervul, 'n werk is wat *as roeping* opgelê is. Let nou weer op dié Calvinistiese woord „roeping". Dit wil alle Remonstrantse willekeur afsny. Ons praat nie maar net van 'n „plig'. wat ons volgens eie begeerte kan volbring of nalaat nie. Ons praat nie maar net van 'n „job" wat ek só of só kan kies al na dit my geval nie. Nee, 'n roeping bring ons by 'n *onafwysbare werk*. Ons *moet* dit doen; ons moet juis *dit* doen, en nie iets anders nie. 'n Roeping kom van Godsweë, en niemand of niks mag dit weier nie.

Roepingsvervulling is ook godsdiens.

Hierdie waarheid word op talle plekke gestel, op besonder treffende wyse in die preek oor Numeri 21:16-18: „Die lied van die put" (1918), waarin dit weer op ander wyse belig word.

In die nouste verband met sy proklamasie van die lewe tot eer van God en ons roeping daarin stel hy sy standpunt in verband met boekesensuur (1947):

> Dit spreek vanself dat staatskontrole in hierdie opsig ouers nie van hulle verpligtinge onthef nie. Ouers moet weet wat hulle kinders lees, al is daar ook vir die publieke lewe streng maatreëls getref. Wáár is die Engelse spreuk: „My home is my castle" ... As ons maar meer op hierdie grondwaarheid wou terugval! Oor die wêreld daarbuite kan ons nie baasspeel nie, ons kan net getuig. Maar vanaf die drumpel na binnekant is die ouers regeerders in hul huis en moet, vir sover dit ons betref, die koninkryk van Christus begin. Hier is ons in 'n Bybelse en veilige kasteel (7:571).

Alles tot eer van God – dit is ook die grondslag van sy volgehoue aandrang op CNO, van sy voordrag oor „Christelike onderwys met of sonder dogma" in 1908 tot sy geesdriftige verwelkoming van die FAK se voorneme om weer 'n CNO-aksie in die lewe te roep (1948) of sy besielde pleidooi vir Christelike wetenskapsbeoefening met die selfstandigwording van die Potchefstroomse Universiteit *vir Christelike Hoër Onderwys* (kyk „Wetenskap en twyfel", 8:104-26).

Dit is tog interessant om hierdie skerpsinnige redenasie uit 1918 te oorweeg, maar dan moet 'n mens sy uitgangspunt aanvaar dat die skool 'n organisme is. Só redeneer hy dan in „Die Heilige Skrif as grondslag van ons onderwys":

> Alle onderwys moet deursuur wees met die Christelike beginsel. Selfs 'n Pestalozzi het ... gesê: ... God in alle onderwys, ook in teken, meet en reken.
> Hoe kan dit? Waar is die verband? – so vra die twyfelaar. Ek antwoord met 'n teenvraag: Waar is die verband tussen my siel en die punte van my hare? Tog word my hare grys as my siel vol kommer is!
> Waar is die verband? In my organisme, in my organiese bestaan (8:8-9).

In die eerste stuk oor „Wetenskap en twyfel" (1943) lê vir ons vandag nog hierdie verweer teen aanvalle op Christelike wetenskapsbeoefening:

> Moet ons dan 'n „absurditeit" (naamlik die misterie – H.V.) glo? Ja ...: as dit maar die absurditeit van die geloof en nie die absurditeit van die ongeloof is nie, as dit maar die absurditeit van die waarheid en nie die absurditeit van die leuen is nie, as dit maar die absurditeit van die kruis en nie van die kanon is nie. Die lewenselement van alle wetenskap is die misterie (8:93-4).

Teen die neutrale skool bied hy in 1948 die vandag nog geldige waarskuwing (in „Ja-nee"):

> Niemand onder ons moet hom troos met die gedagte dat die katkisasie of die Sondagskool wel sal regruk wat verkeerd mog gaan nie. Nee, die Sondagskool moet dit verloor teen die Maandagskool, omdat laasgenoemde die hele Maandag se week duur (8:149).

In verband met die onderwys kry ons uit 1911 'n klein hulde-

blyk aan generaal C.F. Beyers in „Alleen staan". In die gekose komitee wat oor die tweetalige skool moes rapporteer, het hy alleen in die minderheid geteken. In hierdie kort artikeltjie hou Totius ook vir ons in vandag se situasie generaal Beyers as model voor,

> (wat) nie net in die minderheid *geteken* het nie, maar ook toe die Speaker daarom gevra het en *almal ja* geantwoord het, (het) net hy *nee* gesê. Dit sê nogal iets in 'n Huis waar al die grotes van die land bymekaar is. 'n Snaar het in ons binneste getril toe ons dit lees, en ons het vir onsself gesê, terwyl ons die vers van Celliers effens verander: „Ek hou van 'n man wat alleen kan staan!" Daarvoor bring ons aan generaal Beyers ons eresaluut. In 'n land van soveel jasêers is dit heerlik om so iets te lees (8:187-8).

'n Soortgelyke hulde bring hy in sy lewensksets aan dominee W. Postma, beter bekend as dr. O'Kulis (1921), wat ook vir ons, vandag, 'n boodskap inhou:

> Ds. Postma het as worstelaar in sy worsteling beswyk. As sodanig is hy nie maar 'n „merkwaardige figuur" nie maar 'n heldeverskyning. Hy het beswyk terwyl hy nog wou werk en ideale in sy siel gekoester het – maar dan beswyk *met die bors teen die stroom* en *met moed in die siel...* So leef so sterf *'n man* (8:468).

Tyd en ruimte ontbreek om in besonderhede te tree in verband met sy sieninge en rigtingaanwysers ten opsigte van die maatskaplike, kulturele, taal-, ekonomiese en ander sake, en ek eindig met enkele verwysings na wat hy op die gebied van die staatkunde vir ons vandag te sê het.

Die volgende woorde stem ons, veral vandag, tot diep nadenke as hy in die artikel „Die sterwende Europa" (1942) na aanleiding van Paulus se oortog uit Troas na Masedonië dit sê:

> Paulus het midde-in die lewenspanning gaan staan met die evangelie van die Kruis en die evangelie van die opstanding. *Dit het Europa van sy sterfbed opgehef!*
>
> En terwyl hy die daar nooit gehoorde hooglied van verlossing en liefde sing, *is die hegte grondslag van die Christelike kerk gelê.*
>
> En hierdie kerkbou was geen binnekamerbouwerk nie: oor die *ganse*, ryke lewe het sonnebane van verligting uitgeskiet. So het Paulus *die bouer van 'n ganse wêrelddeel geword.*
>
> En vir sover en solank as Europa trou volhard het by die wêreldreddende beginsels van die ware Christendom, *was dit die leier van die ander wêrelddele* (7:130).

Hiermee wil hy natuurlik nie sê dat 'n wêrelddeel of 'n volk of 'n enkeling moet stagneer, moet verkramp, eenselwig moet bly voortbestaan nie. Daar moet noodwendig verandering en aanpassings kom:

> Teëstanders is gereed met hul antwoord: 'n Mens móét jou aanpas by jou omgewing om te kan lewe en voorspoedig te wees. Kyk maar na die plante en diere.
> Ons sê: Ongetwyfeld. 'n Doringboom pas hom aan. Kyk na sy penwortel — amper drie keer so lank soos die boompie self in sy jeug. Hy weet dat hy moet aanpas by droogtetoestande. Kyk na sy dorings, hoe hy dit ontwikkel het ter selfverdeding ... Toegegee, hy het aangepas. Maar... *hy het doringboom gebly.* En hier gaan dit om. („Aanpas", 1947; 7:292-3).

En hierom gaan dit ook vandag nog vir die Afrikanervolk.

Teen die ontwaking van die Swart mag in Afrika het hy in 1923 reeds in „'n Wêreldprobleem" gewaarsku:

> Laat ons by die persing van die gevaar om ons heen nie vergeet dat die kleurkwessie veel meer as 'n Suid-Afrikaanse probleem is nie — dit is 'n wêreldvraagstuk! En dit maak die lewe op aarde des te benouder.
> Afrika, altyd bekend as die donker wêrelddeel, as die onbekende kontinent — Afrika het langsaam uit sy eeueslaap ontwaak en het sy swart gelaat aan die wêreld laat sien (7:346).

Ek herhaal dat hy dit in 1923 reeds gesê het, lank voor Macmillan met sy wysheid van die „winde van verandering" gekom het, en vandag word die kontoere van daardie swart gelaat ál duideliker.

Prinsipieel gesond sien hy in „Die kleurlyn" (1935) die veelvolkigheidsprobleem onder die oë:

> Die Christendom wil, volgens Bybelse leer, nie die regmatig bestaande, histories geworde verskille tussen nasies (Romein, barbaar, Scith) of tussen individue (rykes en armes) uitwis nie maar heilig (7:353)

en

> Ons woon op die vasteland van donker Afrika. Vir ons is daar geen ander tuiste nie. Laat ons dan nie ons eie graf grawe nie! Engeland het Suid-Afrika rooi geverf. Laat ons dit nie swart gaan verf nie! (7:354).

Met betrekking tot die hantering van die veelvolkigheidsproblematiek sê hy in 1916 die volgende, al het hy net die verhouding

tussen Afrikaners en Engelse bedoel:

> Moet ons dan soos kat en hond in Suid-Afrika saamlewe?
> Ja, soos kat en hond – daarmee is juis die regte beeld gekies.
> Want kyk, my kat en my hond lewe vreedsaam saam op my vloer en speel selfs soms met mekaar. *Ek moet hulle net nie aan mekaar vaskoppel nie,* want dan gee dit 'n bakleiery van die ander wêreld af.
> Ek kan met my buurman vreedsaam saamlewe so lank as hy nie oor my drumpel kom om daar baas te speel nie. Elkeen moet in sy eie huis, binne sy eie grens bly.
> So ook met volke. Elkeen sy eie grens, sy eie godsdiens, sy eie taal, sy eie geskiedenis, sy eie lewenswyse...
> Ons wil nie twee selfstandighede opsmelt om so 'n derde te verkry nie. Van hierdie derde selfstandigheid het ons al genoeg waarskuwende voorsmakies gehad (8:276).

Vir my lyk dit asof dit vir ons vandag nog verstandig sou gewees het om hierna te luister.

Vir sý volk geld, eindelik, vandag hierdie boodskap van „Drome droom" (1935) nog:

> Die Calvinis dring deur, met die verkyker van die Woord van God, in die oneindigheid in, totdat hy die oer-Son, naamlik God, weer vind. As hy God verloor, sou hy miskien die hele stoflike wêreld kan vind, maar hy ly skade aan *sy siel.* Die Afrikaner verloor sy siel as hy van God en sy Christus wegswerf. Fakkeldraers in donker Afrika kan ons alleen wees as ons fakkels gevoed word deur die goue olie van die Heilige Gees.

En daarom:

> Tot die Wet en tot die Getuienis! Anders sal ons volk geen daeraad sien nie (7:280).

Mog ons Afrikanervolk hierdie boodskap goed opvang en goed daarna luister! God alleen moet groot verskyn, en oor die wonde moet die salf druppel van eie gom van rotsvaste geloof en heilige volks- en roepingsbewustheid.

**